

Werkwoorde (verbs)

Die **werkwoord** verwys na die aksie in die sin. Werkwoorde is **doen-woorde** (*doing words*). Ons onderskei tussen **hoofwerkwoorde** (*main verbs*), **hulpwerkwoorde** (*auxiliary verbs*) en **skeibare werkwoorde** (*separable verbs*).

Voorbeelde:



Wenke

Werkwoorde = aksie-woorde
Om skeibare werkwoorde te herken, moet jy uitkyk vir voorsetsels soos **in**, **op** en **uit**.



Ken die woorde

onderskei – *distinguish*
woede – *anger*
skyn – *shine*
luiperd – *leopard*
sluk – *swallow*
breed – *wide*
vraag – *question*
snaaks – *funny*
grap – *joke*
kliënt – *client*
voorgereg – *starter*

1. Voltooi die sinne deur die korrekte werkwoorde in te vul.

frons	klim	lag	neem	bestel	roep	beantwoord	
kyk	blaas	slaan	vra	skree	glimlag	skakel	kou

- Neil _____ deur die venster.
- Die pasiënt _____ sy neus.
- Hy _____ die deur toe van woede.
- Sy _____ as die son in haar oë skyn.
- Hy _____ die lig aan.
- Die luiperd _____ in die boom.
- Jy moet jou kos goed _____ voor jy sluk.
- Ons _____ 'n foto.
- Ons _____ breed vir die kamera.
- Die student _____ 'n vraag.
- Die onderwyser _____ die student se vraag.
- Ek _____ van die pyn.
- Hy _____ vir die snaakse grap.
- My ma _____ my uit die ander kamer om te kom eet.
- Die kliënt _____ 'n voorgereg by die restaurant.

2. Onderstreep elke keer die korrekte werkwoord tussen hakies.

Dis beter om te veel te voel as te min. As jy voel, (**weet/ken**) jy jy's mens. Ons moet leer om mekaar te (**aanvaar/aksepteer**). Ons moet na mekaar (**hoor/luister**) en mekaar nie oordeel nie. Mense verskil en ons verskille moet (**gevier/gevuur**) word.

Jy (**neem/gebruik**) minder spiere in jou gesig om te lag as om te frons. Lag is goeie terapie! Dis goed vir die siel. My ma (**sê/gesê**) altyd jy (**moes/moet**) die positiewe dinge in die lewe raak(**sien/kyk**). 'n Positiewe (**uitsien/uitkyk**) beïnvloed jou emosies en (**help/hulp**) jou om beter te voel.

Dis lekker om jonk te (**wees/wys**). Die lewe is nog ongekompliseerd. Jy hoef nie rekening te (**betaal/beveel**) nie en jy (**het/hê**) min verantwoordelikhede. Jy moet jou vriende goed (**kies/keuse**), want vriende maak of breek 'n mens.

3. Skryf die sinne oor in die verlede tyd en onderstreep elke keer die werkwoorde.

a) Ek het 'n kopseer.	
b) Johannes kyk 'n fliek.	
c) Hy is geïrriteerd.	
d) Jy moet die komediant in lewende lywe sien.	
e) Hy kan nie die stres hanteer nie.	
f) Rozanne bel haar beste vriendin.	
g) Michelle gooi brandstof in.	

4. Skryf die sinne oor in die toekomstige tyd en onderstreep elke keer die werkwoorde.

a) Anna luister soggens radio.	
b) Garth het 'n knop op sy maag.	
c) Sy is baie onseker oor die situasie.	